SAKE 24 (Volksblad)
Tuesday, 11 September 2007, p. 16

Country Foods noteer eersdaags op Alt^{X}

Cecile Nel, Johannesburg

Country Foods, 'n gediversifiseerde landbou-maatskappy, skud sy vere reg vir die JSE se alternatiewe beurs, die Alt^{X}.

Dié maatskappy het gister bekend gemaak hy beplan om vroeg in Oktober te noteer deur middel van private plasings en buiteparty-plasings.

Mnr. Roberto Casaletti, uitvoerende hoof, het gister gesê die maatskappy hoop om kapitaal van sowat R30 miljoen in te vorder.

Dié kapitaal sal aangewend word om die maatskappy se vermoë te vergroot deur organiese groei en oorname-groei te versnel.

Dit moet ook as insentief dien vir die behoud en beloon van sleutelwerknemers deur ekwiteitsdeelname.

"Ons notering op die Alt^{X} sal ons help om ons voetspoor plaaslik en internasionaal te vergroot. Ons het uitstekende mense en produkte en 'n volhoubare winsgroei wat aantreklik vir beleggers is en tot die groep se volgehoue sukses sal bydra," sê Casaletti.

Country Foods se hoofkantoor is in Johannesburg, maar sowat 36% van die groep se omset word deur die uitvoer van produkte gegenereer. In Suid-Afrika verkoop Country Foods sy produkte aan groot kleinhandelaars soos Spar en Woolworths asook sekere restaurante en hotelle.

Die maatskappy bestaan uit drie afdelings: Edulis, Country Mushrooms en Fruitime.

Edulis prosesseer en versprei sampioene, vrugte en groente. Dié onderneming het verspreidingsfiliale in New York (in die VSA), Italië, Tunisië en Marokko.

Country Mushrooms kweek, versprei en bemark vars en geprosesseerde sampioene terwyl Fruitime vrugtesap vervaardig, bemark en versprei.

"Edulis is die oudste maatskappy in die groep en het sy bedrywighede meer as 30 jaar gelede in 1974 begin," het Casaletti gesê.

Country Foods se omset in 2006 was R125 miljoen en die maatskappy verwag 'n omset van R182 miljoen in 2007 en R210 miljoen in 2008.

Die maatskappy het sowat 600 permanente werknemers en in die piek-oesseisoen altesame sowat 2 300 werknemers.